No 1308 6 Maart 2016

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: *www.gk-alkantrant.co.za* • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant
Predikant: Ds. Dirk Kotzee: 079 305 3297, *dkotzee@gmail.com* • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, *hbklopper@webmail.co.za*
Administratiewe beampte: Rina de Villiers: 0815992321, *pikkie.rina18@gmail.com* **Attes Skriba:** Tjaart vd Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za *Bankbesonderhede: GK Alkantrant, ABSA rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745*

DIE EREDIENS

Baie welkom in die erediens. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Ons bid u elkeen ’n geloofsverrykende, vreugdevolle en aangename erediens toe.

Eerste diens:

Ds. Anton Dednam (GK Bergsig/Andeon)
Skriflesing: Romeine 2: 17-29
Teks: Romeine 2: 24 en 29
Tema: GOD MOET GELOOF WORD, DEUR WIE ONS IS!

Preekskets:
Die Jode het ten sterkste aanspraak gemaak op hulle geloof vanuit hulle tradisie. Die feit dat hulle afstammelinge van Abraham was en dat hulle besny is.
Paulus stel dit duidelik dat geloof nie ’n eksterne teken of verbintenis is nie, maar alleen dit wat in die hart van die gelowige leef. Want, sê hy vir hulle, as die geloof nie deel is van wie hulle innerlik is, en deel is van hulle hele menswees is nie, dan sal hulle optrede daarop wys.
Die rede waarom die Jode hieroor vermaan word, is dan nie om hulle Joodse eer te herstel nie. Dit is nie ’n geval van die volk wie se ‘goeie naam’ gekrenk is nie, maar wanneer gelowiges aanspraak maak op hulle verbintenis met God, en hulle dade bevestig dit nie is dit God se naam wat daardeur gelaster word.
Alles wat ons doen moet getuig van ons verbintenis met Hom.
Om gelowig te wees beteken om God in jou hele lewe te loof en prys.

Sing:
Psalm 146: 1, 3, 8
Psalm 42: 1, 3
Psalm 119: 1, 2
Psalm 119: 3, 5

Kollekte:
Tydens erediens: Diakonale kas.
By die deure: Teologiese Studentekas
Volgende Sondag: Dopperdinge

Diensbeurte:
Die kerkraadslede van Wyk D2 is vandag aan diens. Dit is ouderling Johan Pretorius en diaken Marco Kapp.

GEMEENTE-SAKE

Lief en leed

Br. Hannes van Aswegen is tans besig met chemo behandeling.
Br. Nico Oosthuizen was die afgelope week in die hospitaal opgeneem vir ’n operasie.
Br. Johan Pretorius was ook die afgelope week vir ’n operasie in die hospitaal opgeneem.

Daar is nog ’n paar lidmate wat deur tye van beproewing gaan, maar dit nie noodwendig bekend wil maak nie. Ons vra u voorbidding vir almal. Mag ons hemelse Vader u bystaan in hierdie tyd van beproewing.

Muntbottel projek:

Die kleingeld van die afgelope jaar se insameling is onlangs getel. Daar is 'n bedrag van R 1,710.00 ingesamel. Hierdie bedrag is verder aangevul deur die "Kaartjie groepie" (hulle maak geleentheidskaartjies vir verjaarsdae, geboortes, huwelike ens). Daar is op die einde van die dag ’n totale bedrag van R 3,500.00 aan die Kinderhuis oorbetaal.
Baie dankie aan almal wat bygedra het.

Ons het die volgende skrywe ook van die kinderhuis ontvang:

Gereformeerde Kerk Pretoria-Alkantrant:

Namens die President Kruger Kinderhuise wil ons net ons opregte dank uitspreek vir die kontant bydrae (R3500) wat ons op 24-02-2016 ontvang het.

Aangesien ons bedryfskostes op hierdie stadium ’n uitdaging is, is skenkings van hierdie aard vir ons van onskatbare waarde. Ons kan met sekerheid sê dat hierdie fondse aangewend sal word vir die versorging van ons kinders.

Volgehoue ondersteuning en bydraes soos hierdie maak ons hande sterk om ons kinders ’n tuiste en platvorm te bied waar hulle kan ontwikkel tot hulle volle potensiaal.

Dit is ’n groot voorreg om die ondersteuning van GK Alkantrant ten opsigte van die President Kruger Kinderhuis te ervaar.

Weereens baie dankie.

Vriendelike groete:

President Kruger Kinderhuise.

Ons is op Facebook!

Like us on Facebook

Ons het vir jonk, oud, broers, susters en besoekers ’n platform geskep waar ons sosiaal kan verkeer, foto’s deel, nuus uitruil en nuwe vriende kan maak. Almal welkom, kom praat lekker saam op ons *facebook* blad! Ons het al meer as **85 "likes"!**

Beurtkrag:

U word vriendelik gevra om rustig te wees as daar ’n kragonderbreking tydens die erediens sou plaasvind. Ons het ’n kort tydjie nodig vir die orrelis om haar plek voor die klavier in te neem.

GEMEENTELIKE AKTIWITEITE

Sustersake

***Skinkbeurte*:**

Vandag 06/03: Geen skinkbeurt nie, weens die gemeentekamp.

Volgende Sondag 13/03 – D4; F5; F6; F8; H5

Susters word vriendelik versoek om maar ’n ogie op die teeskinkbeurtlys in die ingangsportaal te hou en seker te maak wanneer hulle handjie moet bysit.

Katkisasie

Daar is vanmore geen kategese nie.

Bybelstudie:

Die oggendbybelstudie is hierdie week om 09:30 by die konsistorie. Ons hanteer Romeine 2: 1-11.

Die aandbybelstudie neem weer Woensdag die 6e April in aanvang. Ons behandel Romeine 2: 12-29.

Fondsinsameling: Hout en vleis

Sekelbos-braaihout beskikbaar teen R20 per sakkie, smaaklike wildswors en maalvleis teen R65 p./kg. Daar is ook wildpasteie, droëwors en biltong te koop. U kan ná die erediens agter die konsistorie (by die motorhuis) vir Nico of Marius kry wat u sal help.

Verjaardae:

Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle ’n mooi, geseënde en voorspoedige lewensjaar toe**.**

Sondag 6 Maart

Paul Havemann (073 396 9502), Alida Scholtemeijer (082 788 7300) en Elizabeth van der Walt ((012) 993 1250)

Maandag 7 Maart

Kotie Bekker (082 331 2736)

Woensdag 9 Maart

Christina Kruger (082 433 4066), Nicolas Rahn (072 247 5998) en Nicolina Rautenbach (076 140 7804)

Donderdag 10 Maart

Francois du Preez ((012) 993 5868) en Francina van Rooyen (072 239 9240)

Vrydag 11 Maart

Jian Coetzee

Nuwe intrekkers

Ons verwelkom hartlik alle nuwe intrekkers. Ons wil graag kennis maak! Ontmoet asseblief na afloop van die diens vir Hennie Klopper (Skriba) by die Konsistorie aan die agterkant van die kerk sodat ons u besonderhede kan kry

Gedagte vir die week

Jou grootste toets is wanneer jy vir iemand anders tot seën kan wees terwyl jy self deur 'n storm geteister word.

- Onbekend -

Dagboek

Ds. Dirk se kantoor is in die konsistorie opgestel. Hy sal Maandag tot Vrydag, tensy iets anders voorval, van 08:00 tot 15:00 op kantoor wees. Hy is egter 24/7 beskikbaar en is net ’n oproep vêr. Bel hom by 079 305 3297

Hierdie week: *Vandag* **:** Gemeentekamp. Ds. Anton Dednam preek. Geen kategese.

Week 2: *Sondag 13 Maart:* Ds. Dirk is met verlof. Ds. Paul vd Berg (Centurion) preek. Katkisasie na die erediens. Finansiëlekommissie vergader 14/03. Kerkraadsvergadering 16/03. Skole sluit 18/03.

Week 3: *Sondag 20 Maart:* Ds. Nico Ligthelm preek. Slegs een erediens weens die skool vakansie. *Vrydag 25 Maart:* Hemelvaart. Ds. Dirk preek.

Week 4: *Sondag 27 Maart:* Paassondag. Ds. Dirk preek. Slegs een erediens weens die skool vakansie.

Advertensies

Indien daar plek in die gemeentebrief is, plaas ons gratis advertensies. Advertensies sal vir die duur van vier weke geplaas word, of u reël met die redaksie vir volgehoue plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

Mount Amanzi

Geleë agter die Hartebeespoortdam. Selfsorg chalet, slaap 5. Vir fasiliteite in en om die oord, besoek gerus: www.mountamanzi.co.za. Kostes: R700 per nag vir die chalet. Kontak Rietie Havemann by (012) 9934869 of 0733969502

Akkommodasie:

Drie kamers beskikbaar vir verkieslik jongmans of studente @ R3000/pm, ongemeubeleerd met veilige parkering. 2 dae per week word vloere skoongemaak en wasgoed gedoen (eie waspoeier). Twee persone deel 'n badkamer met stort. Adres: DOUGLAS Straat 41, COLBYN

Loopafstand vanaf Gautrein, Hatfield en Universiteit Pretoria. Kontak Dalene Jansen: 012 342 4919 of 076 035 5938 Bel net vooraf.

Susan Swanepoel Musiekskool

Onderrig in klavier, teorie, harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instru-mente en sang. Kontak *Susan* by 083 252 0983 of (012) 993 1074.

Loodgieterswerk

Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk. Kontak *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892.

Boomsloping en snoeiwerk

Jac Marais (’n lidmaat van die GK Kameeldrift) doen sloping en snoei van bome en struike in tuine.

Skakel (012) 819 1316 of 082 412 7137.

Die Waslyn

Ons kom haal GORDYNE af en was, droog en stryk dit.

Skakel: 078 296 4593.

Vars gebak en Spyseniering

Koeke, terte, kolwyntjies, beskuit, “platters” en spyseniering vir funksies, verjaarsdae, kin-derpartytjies, doop of spesiale geleenthede.

Skakel *Christiaan Swanepoel* by 073 769 0455 of stuur ’n e-pos aan: *cjswan4@gmail.com*.